

Woensdag 5 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-21

Fokusgedeelte: Romeine 10:13-15

Die Woord – genademiddel tot geloof en redding

Hoe wonderlik klink die voetstap van hulle wat die goeie boodskap bring ... Vir Jesaja was dit die goeie boodskap van terugkeer van Israel uit die ballingskap in Babel. Hierdie woorde moes die volk bygebly het, want vyf eeue later haal Paulus dit aan as hy vertel van die goeie boodskap van verlossing uit die sondedood. Die boodskap van redding vir elkeen wat die Naam van die Here bely. Die “roeping” van Romeine 8 waarby ons gister stilgestaan het.

Weereens 'n ketting van onlosmaaklike gebeure. Dit eindig by die redding van elkeen wat die Naam van die Here Jesus aanroep. Maar dit begin by God wat mense roep om hierdie goeie boodskap te bring. Die ketting van gebeure is hier: om sy Naam aan te roep, moes jy in Hom glo. Om in Hom te glo, moes jy van Hom hoor; om te hoor, moes iemand preek; om te preek, moes die Here die boodskapper stuur. Glo, sy Naam aanroep, gered word, dit begin in jou lewe as jy die goeie boodskap hoor.

Hoekom? Omdat hierdie boodskap nie verlossing uit die ballingskap aankondig nie, maar Jesus Christus verkondig. Omdat ek nie anders in sy verlossing kan deel as dat Hy aan my gepreek en deur my geglo is nie. Ja, Hy het aan die kruis en uit die oop graf die ewige verlossing uit die ballingskap van sondedood bewerk. Maar Hy maak dit jou deel alleen deur die genademiddel van preek en hoor en glo, die genademiddel van die Woord.

Sy Heilige Gees wat alleen die geloof in jou hart kan werk, doen dit nie anders nie as deur die Woord, sy Woord wat Hy deur die eerste boodskappers laat opteken het. Sy Woord wat werk in elkeen wat glo.

Staan daarom 'n oomblik stil, jy wat tot redding in Jesus Christus glo. Dank Hom dat Hy hierdie redding bewerk het. Dank Hom dat Hy dit in jou lewe ingedra het deur die goeie boodskap van die evangelie.

Sing: Psalm 89-1:6

Ds. C Aucamp (Cassie) (Bergsig)